

OKTOBER
1959

K O E R S

DEEL XXVII

No. 4

GENL. KOOS DE LA REY, DIE KRYGSMAN.

22 Oktober is die geboortedag van genl. Koos de la Rey, wat vandag tot ons heldeverlede behoort. Vanjaar gedenk ons ook op 11 Oktober die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, sestig jaar gelede. Daarom wil ek graag by hierdie geleentheid die persoon van Koos de la Rey in herinnering roep en by wyse van hierdie artikel hulde bring aan hom wat God aan ons volk gegee het op 'n tydstip toe sulke manne dringend noodsaaklik was; 'n man wat in die ure van dood en benoudheid leiding kon gee; 'n man sonder wie ons volksgeskiedenis beslis armer sou gewees het. Aangesien hy by uitstek krygsman en veldheer was en aangesien Oktober vanjaar in die atmosfeer van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog van die Afrikaner staan, wil ons veral aan hom as krygsman dink.

Generaal Jacobus Hercules de la Rey het vanaf sy 29ste jaar, toe hy met Jacoba Greeff in die huwelik getree het, tot met sy dood op 67-jarige ouderdom in die Lichtenburgse distrik gewoon. Hy was lid van die derde geslag De la Reys, wie se stamvader hom tussen 1789 en 1798 in Suid-Afrika kom vestig het. Die feit dat hierdie stamvader,

Pieter de la Rey, as ongetroude jongman na Suid-Afrika gekom het en alhier met 'n Afrikaanse nooi, Hester Nel, getroud is, het baie daartoe bygedra dat die De la Reys feitlik uit die staanspoor vuurwarm Afrikaners geword het. Pieter de la Rey, wat hom eers as onderwyser in die Oudtshoornse distrik gevestig het, het in dieselfde distrik 'n vooruitstrewende boer geword. Aangesien hy 'n ontwikkelde man was, is hy kort na sy huwelik deur die Britse outoriteite as veldkornet aangestel, 'n pos wat hy enkele jare daarna weer bedank het omdat hy sy aandag uitsluitlik aan sy boerdery wou wy. Hierdie Pieter het ook as heemraad gedien en as ouderling het hy toegewyde en hooggewaardeerde diens aan die gemeente van George gelewer. Pieter en Hester se agste kind is op 25 Desember 1812 gebore — Adrianus Johannes Gysbertus. Toe hy 'n volgroeiende man was, het sy groot liggaamsbou en krag hom die naam Lang Adriaan de la Rey besorg. Hy was bestem om die vader van Koos de la Rey te wees. Adriaan het midde in die lewe van sy volk gestaan en die Afrikanerstryd saam met sy volksgenote gestry. In 1845 het hy en sy vrou,

Adriana (geb. Van Rooyen) die Karoo verlaat en hulle in die Vrystaat in die nabyheid van Winburg op die plaas Doornfontein gaan vestig. Kort daarna moes hy in die Slag van Boomplaas (1848) aan die eerste oorlog vir die vryheid van sy volk deelneem en toe hy ook daarna geweier het om die Britse gesag oor die Vrystaat te erken, het hy soos ander sy goed opgepak en oor die Vaal getrek — Transvaal toe — waar hy hom na heelwat omswerwinge met sy familie uiteindelik op die plaas Dela-Reyskraal in die Schweizer-Reneke-distrik gevestig het. Lang Adriaan de la Rey het gedurende sy Transvaalse verblyf ook krygsdiens verrig deur vanaf 1848 aan feitlik al die Kafferoorloë deel te neem. In 1880/1881 was hy ook 'n vrywilliger wat sy deel tot die Boeresak in die Eerste Vryheidsoorlog bygedra het; in 1882 het hy ook as vrywilliger aan die stryd op die wesgrens van Transvaal deelgeneem en het hy die pos van onder-voorsitter van die bestuur van die Stellalandse Republiek tot 1885 beklee. Dit was die Afrikaneragtergrond waaruit Koos de la Rey, sesde kind van Adriaan en Adriana, gespruit het.

Koos de la Rey is vroeg in sy lewe tot die krygsdiens geroep. Op 19-jarige leeftyd vind ons hom alreeds tussen die Vrystaatse burgers in 'n Basoeto-oorlog en wel as veldkornet, wat 'n hoë onderskeiding vir so 'n jong knaap was. Van hom is gesê dat hy in hierdie stryd nie alleen moed aan die dag gelê het nie, maar ook beleid, twee kenmerke van sy krygsmanskap wat hom sy hele lewe lank sou bybly en in die Tweede Vryheidsoorlog tot 'n hoogtepunt gevoer

sou word. In 1876 moes hy sy voorgenome huwelik uitstel om as opgekommandeerde burger en veldkornet aan die Sekoekoeni-oorlog deel te neem, terwyl hy ook gedurende die Eerste Vryheidsoorlog by Potchefstroom nuwe roem as krygsman verwerf het, sodat hy later as kommandant aangestel is. Hierdie amp het hy in 1893 neergelê toe hy as lid van die Eerste Volksraad van die Z.A.R. vir Lichtenburg gekies is. Sy laaste optrede in militêre hoedanigheid voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was sy deelname aan die onderdrukking van die Jameson-inval in 1896.

As jongman was Koos de la Rey eintlik transportryer van beroep. Na sy huwelik in 1876 het sy bekwaamhede aan hom verskeie regeringsaanstellings besorg, soos verantwoordelike persoon vir die opmeet van plase (d.w.s. landmeter) en naturellekommissaris vir Wes-Transvaal. As transportryer, veldkornet, kommandant, landmeter en naturellekommissaris het Koos de la Rey van die Wes-Transvaalse veld met sy inwoners, blank sowel as nie-blank, en van regeringsake 'n intieme kennis opgedoen. Hierdie kennis en ervaring verklaar dan ook tot 'n groot mate (1) die geslaagde aanvoerdenskap van genl. De la Rey in die Tweede Vryheidsoorlog en (2) die vermoë wat hy gedurende dié stryd aan die dag gelê het om die naturelle in sy gebied te kalmeer en onder beheer te hou. Saamvattend kan die sukses van De la Rey se krygsmanskap in die Tweede Vryheidsoorlog hoofsaaklik toegeskryf word aan (a) sy krygsmanservaring en krygsmanstalent, (b) sy godsvertroue en geloof in die

regverdigheid van die saak van die Boerevolk, (c) sy kennis van en liefde vir die Boerevolk en (d) sy kennis en besondere voorliefde vir die Afrikaanse veld en veldlewe.

Na die Jameson-inval was De la Rey saam met die ander voormanne van die volk oortuig dat 'n oorlog met Engeland onvermydelik in die naaste toekoms gelê het. Hy was egter ewe vas oortuig dat die tyd vir die Z.A.R. baie ongeleë was, aangesien die Republiek nog besig was om, soos hy dit gestel het, op te groei. Minstens 10 tot 15 jaar, ten koste van wat ook al, moes nog eers verloop voordat die Republiek daaraan sou kon dink om die wapens teen 'n Europese moondheid op te neem. Hierdie oortuiging was dan ook daarvoor verantwoordelik dat hy alles in sy vermoë gedoen het om die oorlog te probeer voorkom. Die bewering is ook gemaak dat De la Rey saam met o.a. Louis Botha in die Volksraad teen die stuur van 'n ultimatum aan Brittanje gestem het. Dit bly egter net 'n bewering, want die betrokke notule van die geheime volksraadsitting waarop hierdie saak bespreek is, kan nie teruggevind word om presies te bepaal wat daar plaasgevind het nie. Maar, al sou Koos de la Rey ook teen die stuur van die ultimatum gestem het, was dit alleen omdat hy op daardie stadium oortuig was dat sy land en volk nog nie vir 'n oorlog gereed was nie. Hy sou dit alleen gedoen het om die belange van sy volk en vaderland ten beste te dien. Dit was nie 'n kwessie dat De la Rey teen 'n oorlog met Brittanje as sodanig gekant was nie; dit was ook nie 'n kwessie dat hy van gedagte was dat aan die eise van Brittanje sonder meer toe-

gegee moes word nie. Sy optrede na die uitbreek van die oorlog bewys dit, want toe het hy hom met al die vuur waarvoor hy beskik in die stryd gewerp en tot die bitter einde toe met volle mag en krag gestry vir die behoud van die onafhanklikheid van sy volk.

Teen die einde van September 1899 was dit duidelik dat die oorlog baie naby was. Britse troepe het al nader aan die grense van die Republiek saamgetrek en kmtd.-genl. Piet Joubert, opperbevelhebber van die Republikeinse krygsmag, moes ook sy burgers saamtrek om vir gebeurlikhede gereed te wees. Die Republiek het egter voor een groot probleem te staan gekom, en dit was dat daar met uitsondering van genls. Joubert en Piet Cronje geen hoof-offisiere was om aan die spits te staan nie. Die probleem is opgelos deur 'n paar vooraanstaande politieke figure as veggeneraals te benoem en dan maar te hoop dat hulle 'n sukses van die onderneming sou maak. So gebeur dit dan dat volksraadslid Koos de la Rey op 27 September 1899 sy opwagting by kmtd.-genl. Joubert maak op laasgenoemde se bevel. Kort en saaklik is aan hom meegedeel dat Piet Cronje as generaal vir die westelike gebiede aangestel is en dat De la Rey as veggeneraal en adviseur van Cronje benoem word. Van hierdie benoeming het De la Rey later self gesê dat dit hom baie moeilik geval het om hom dit te laat welgeval, omdat hy die oorlog baie swarmoedig tege moet gegaan het. Dit was 'n saak wat De la Rey, getrou aan sy aard, nie lig opgeneem het nie, maar toe hy eenmaal besluit het om aan die roepstem van sy volk en vaderland, wat vir hom ook die

roepstem van God was, gehoor te gee, kon niks hom meer keer nie en het die oorlog spoedig getoon dat die keuse van De la Rey as veggeneraal 'n uiters gelukkige en goeie keuse was. Vir hom het die stryd toe 'n geloofsaak geword en tot die einde toe het hy geveg in die oortuiging dat die saak van die Boere eg was en dat die Boere uiteindelik as oorwinnaars uit die stryd sou tree.

Genl. Koos de la Rey het hom uit die staanspoor as 'n versiene militêr en as 'n meester van taktiek geopenbaar. Inderdaad het hy dan ook uit die Tweede Vryheidsoorlog getree as grootste taktikus in die oorlogsgeskiedenis van Suid-Afrika. Daartoe het sy intieme kennis van die veld beslis baie bygedra.

Sommer aan die begin van die oorlog het gnl. De la Rey met sy bevelvoerder (genl. Cronje) in botsing gekom, omdat Cronje nie so 'n helder insig in sake soos De la Rey gehad het nie en nie na raad wou luister nie. Cronje was naamlik ten gunste daarvan om 'n klein Engelse besettingsmag wat hulle van Mafeking meester gemaak het te beleër. De la Rey se standpunt was dat dit 'n vermorsing van krygskrag en tyd van die Republiek was en dat die vyand baie gouer en meer doeltreffend ten onder gebring sou word deur al die toevoerweë vanuit die Kaapkolonie af te sny. Cronje wou egter nie De la Rey se raad aanvaar nie, waarop De la Rey sy bevelvoerder versoek het om hom suidwaarts te stuur na die omgewing van Kimberley. Voor hy egter daarheen vertrek het, was De la Rey vir die eerste groot sukses van die oorlog verantwoordelik, nl. die Slag by Kraaipan (13 Oktober), toe hy 'n gepantserde trein

verongeluk het. Weliswaar was dit nie 'n groot slag nie maar die betekenis daarvan was groot: dit was beslis 'n skok vir die Britse outoriteite in Kimberley, wat nie verwag het dat die Boere handelend sou optree nie. Daar by het dit die weg geopen vir die inname van Vryburg deur die Boere, maar bo alles het dit die burgers van die Z.A.R. geweldig bemoedig en het dit die naam van De la Rey bekend gemaak — 'n naam wat nie weer in die vergetelheid sou raak nie.

Op 28 November 1899 sou De la Rey die eerste werklike geleentheid kry om sy veldheerskap te bewys. Enkele dae tevore het die slae van Belmont en Graspan besuide Kimberley plaasgevind, waar die Boeremagte nie daarin kon slaag om die Engelse leërmag wat op pad was om Kimberley te gaan ontset te stuit nie. De la Rey was by hierdie slae nie in bevel nie. Die aanrukkende Engelse magte moes egter gekeer word. Vir die doel het De la Rey die omgewing van die Modderrivier uitgekies. Hy was egter versigtig genoeg om die fout te vermy wat die Boeraanvoerders by Belmont en Graspan gemaak het deur al op die heuwels langs stelling in te neem, want die heuwelkruine was pragtige skywe vir die Britse artillerie. Daarom het hy sy burgers al langs die walle van die rivier laat stelling inneem. Die Slag van Modderrivier het dan ook deeglik bewys dat die stelling nie beter gekies en dat taktiek en strategie nie beter beplan kon gewees het nie, want hoewel die Engelse een na die ander stormloop van stapel gestuur het, kon hulle eenvoudig net nie daarin slaag om die Boere uit hulle stellings te verdryf

nie. Die aanslae van die Engelse is met baie groot verliese vir hulle afgeslaan en De la Rey was oortuig dat die Boere die volgende dag 'n klinkende oorwinning sou behaal. Daardie aand kom die bevel egter van genl. Cronje, wat intussen ook suidwaarts beweeg het, dat die stellings ontruim moes word en dat die Boere moes terug trek. Vir De la Rey was dit 'n ontsettende teleurstelling en hy was maar te dankbaar toe hy bevel ontvang het om na Colesberg te gaan om daar teen die magte van genl. French op te tree. Hoewel hy daarna nog aan 'n hele aantal gevegte deelgeneem het, waarvan sommige met sukses, was Koos de la Rey eintlik nie die man vir 'n stereotiepe oorlogvoering deur middel van stellinggevegte en langs vaste linies nie. Sy ware militêre genie het eers vorendag getree na die inname van die Republieke deur die Britse magte, toe stellinggevegte iets van die verlede was en die guerillakryg 'n aanvang geneem het. Toe het hy hom geopenbaar as die ruitergeneraal, die organiseerder sonder weerga, die taktikus van groot formaat, die meester van beweeglike oorlogvoering.

Na die val van Pretoria, vroeg in Junie 1800, het moedeloosheid oor baie burgers, ook in die verskillende Wes-Transvaalse distrikte toegesak. Vir hulle was die stryd verlore; hulle het hulle kommando's verlaat, sommige het wapens neergelê en huis toe gegaan. Dit is aan genl. De la Rey opgedra om na Wes-Transvaal te gaan om hierdie burgers te bemoedig en hulle te ooreed om weer tot die stryd toe te tree. De la Rey het nou ook 'n hoër rang ontvang nl. dié van assistent-kommandant-

generaal met Wes-Transvaal as sy besondere verantwoordelikheid. Die sukses wat hy behaal het om Wes-Transvaal weer tot die stryd te reorganiseer en om sy kommando's selfs in die donkerste dae tot 'n gevreesde aanvallende mag om te skeep, moet in die allereerste plek aan sy geloof in die uiteindelijke oorwinning van die Boere toegeskryf word. Daarby het hy oor die vermoë beskik om daardie burgers op moedverloor se vlakke tot dieselfde idealisme te oortuig en hulle met nuwe moed te besiel. En om alles te kroon kon hy as gebore organiseerder ook weer orde stel in toestande wat haas aan wanorde gegrens het. In die uitvoering van hierdie taak het Koos de la Rey weer eens, soos talle kere tevore en ook daarna, getoon dat hy geen drywer was nie, maar wel die leier. Hierdie feit dat hy altyd gelei het, het veroorsaak dat sy burgers hom graag gevolg het en per slot van rekening verklaar dit tot 'n groot mate die skitterende suksesse wat hy as militêre aanvoerder behaal het.

Gedurende die tydperk van die guerillastryd het die roem wat De la Rey reeds verwerf het nuwe hoogtes ingestyg. Dit was veral in hierdie tydperk wat hy hom as die uiters bekwame en beweeglike ruitergeneraal geopenbaar het, en as die ontwerper van 'n nuwe taktiek wat die vyandelike magte meer as een keer baie duur te staan gekom het. Hierdie taktiek wat op meesterlike wyse deur hom toegepas is, kan as die stormjaagtaktiek omskryf word. Dit was die taktiek wat hy al heel aan die begin van die oorlog bepleit het, toe hy aan genl. Cronje voorgestel het dat i.p.v.

om tyd en mannekrag met die beleg van Mafeking te vermors, die Engelse garnisoen aldaar eenvoudig stormgejaag en uit die dorp verdryf moes word. Cronje wou egter niks daarvan hoor nie en solank De la Rey onder bevel van 'n hoër offisier gestaan het, was hy nie altyd in die geleentheid om sy eie taktiek toe te pas nie. Waar hy dit egter kon doen, is dit altyd met sukses bekroon. As opperbevelhebber van die Boeremagte in die westelike dele van Transvaal was hy egter nou in die geleentheid om sy selfontwerpte taktiek, gegrond op sy insig, sy kennis van die veld en die vyand en sy natuurlike aanvoeling van sake, feitlik tot volmaaktheid te voer.

Sedert die laaste helfte van 1900 het Koos de la Rey en sy manne letterlik die skrik van die Engelse in Wes-Transvaal geword. Sy taktiek was hoofsaaklik op twee belangrike beginsels van oorlogvoering gebaseer, nl. spoedige optrede en verrassing. Afgesonderde Britse troepeafdelings, wat voortdurend onder die oë van De la Rey se spioene was, is opgesoek en op 'n oomblik wat hulle dit die allerminste verwag het blitssnel stormgejaag en aangeval. Hierdie stormaanvalle is enige tyd van die dag of nag gedoen en is gewoonlik so beplan en uitgevoer dat die slag al gelewer was voordat die Engelse sodanig van hulle skrik en wanorde kon herstel dat hulle weerstand kon bied. Teen die tyd wat hulle gereed was, was De la Rey met sy kommando al weer buite trefafstand. Hierdie manier van optrede het die Engelse bedrywighede baie sterk aan bande gelê en het tegelykertyd

die vrees en bewondering van die vyand vir Koos de la Rey afgedwing.

'n Ander aspek van oorlogvoering wat De la Rey met groot welslae toegepas het, was ook dit wat hy sedert die begin van die stryd by sy hoofoffisiere bepleit het, nl. die vernietiging van die toevoer van voorrade en ammunisie na die Engelse. De la Rey het hom daarop toegespits om Britse konvooeie een na die ander onverhoeds te oorval, die vervoermiddels te vernietig en die voorrade en ammunisie te buit. Dit het veral twee belangrike doeleindes gedien: (a) dit het die Engelse in hulle oorlogspoging gestrem en (b) dit het aan die Boerekommando's en vluggende-vrouelaers die broodnodige voedsel, kleding en ammunisie voorsien, want hierdie dinge moes hulle eenvoudig self in die hande kry. Daardeur is die Boere nie alleen in staat gestel om die oorlog voort te sit nie maar is ook hulle moreel aansienlik verhoog.

Onder die belangrike suksesse wat De la Rey in hierdie fase van oorlogvoering behaal het tel bv. die Slag van Nooitgedacht (13 Desember 1900), toe hy saam met genl. Beyers die Engelse afdeling van genl. Clements 'n verpletterende neerlaag toegedien het. Hoewel hierdie enkele neerlaag die Engelse oorlogsmag as sodanig nie juis verswak het nie, het dit op 'n stadium plaasgevind toe baie mense gedink het dat die oorlog naby sy einde was en toe oral tekens van moedeloosheid te bespeur was. Die Slag van Nooitgedacht was dus feitlik 'n keerpunt, want daarmee het De la Rey onteenseglik getoon dat in die Boerekommando's nog 'n ontsettende slaankrag geskuil het. Dit het nuwe moed

gegee, dit het tot groter daadkrag geïnspireer; solank Koos de la Rey nog vol moed was, sou sy burgers dit ook wees en hom kragdadig volg en ondersteun.

Selfs so laat as die begin van 1902 was De la Rey in Wes-Transvaal bedrywiger as ooit tevore. Kruis en dwars het hy deur sy geliefde velde getrek, altyd aan die spits van sy kommando's om teen die Britse magte op te tree waar die geleentheid hom mog voordoen. Die Leeu van Wes-Transvaal was só wakker en het só blitsvinnig gehandel dat Wes-Transvaal feitlik die enigste deel van die Republiek was waar die Britse magte aan die begin van 1902 nog nie die oorhand gehad het nie, maar waar hulle feitlik nog altyd op die verdediging was. Geen Britse aanvoerder in hierdie gebied was gretig om hulle buite die dorpe waar garnisoene gevestig was te waag nie. Dit was vir die Britse opperbevel duidelik dat iets aan die toestand van sake gedoen moes word, en toe is besluit dat die uitroeiingsbeleid wat met soveel sukses in ander dele van die Republiek toegepas is meer intensief in Wes-Transvaal toegepas moes word. Maar ook vir hierdie sterk Britse kolonnes wat heen en weer deur die gebied getrek en alles in hulle pad vernietig het, was genl. de la Rey gereed. In hierdie fase van die stryd het hy sy stormjaagtaktiek ten toppunt gevoer, want op die mees onverskrokke en vasberade, mens kan byna sê op doodsvragtende wyse, het hy die voorttrekkende Britse kolonnes openlik oor die kaal vlaktes stormgejaag, wat soveel paniek onder hulle veroorsaak het dat hulle in baie gevalle maklik oorweldig kon word.

Hierdie taktiek was vir die Engelse een te veel, soos duidelik geblyk het uit die twee belangrike slae van Ysterspruit (25 Feb. 1902) en Tweebos (7 Maart 1902), by welke geleenthede twee Britse leërs op 'n besonder vinnige wyse oorrumpel en feitlik uitgewis is. Laasgenoemde Slag van Tweebos was die laaste groot slag van die Tweede Vryheidsoorlog. Daarmee het Koos de la Rey getoon dat die slaankrag van sy kommando's nog nie uitgeput was nie en nog net so 'n groot doeltreffendheid besit het as tevore. Met hierdie slag, waarin sy taktiek foutloos en so glad soos seep verloop het, het Koos de la Rey die kroon op sy bekwaamheid as Boere-ruitergeneraal verwerf. Sy naam het in die belangrikste tydskrifte van die wêreld in groot letters verskyn en in die Boerehart is sy naam met ewe groot letters gegraveer.

In die tydperk van die guerillastryd het Koos de la Rey hom ook as die organiseerder by uitnemendheid onderskei. Sy taak was nie alleen om kommando's aan te voer nie. Daar was diegene wat alreeds vroeër genoem is, wat moed verloor en huis toe gegaan het. Hierdie manne moes weer tot die stryd aangevuur en by die kommando's ingeskakel word. Benewens sy taak as aanvoerder moes De la Rey dus ook tot 'n groot mate burgers vir sy kommando's rekruteer, en dit het hy op so 'n bekwame wyse gedoen dat hy altyd oor die nodige mannekrag beskik het om hom in die stryd by te staan. Daaraan moet beslis tot 'n groot mate die feit toegeskryf word dat De la Rey tot aan die einde van die oorlog toe met soveel sukses kon optree. Sy burgers moes ook

gevoed word. Daarvoor het hy gesorg, want wanneer dit saai- en planttyd was het hy gewoonlik 'n gedeelte van sy burgers huis toe gestuur om ook hierdie belangrike oorlogswerk te gaan verrig, en ook weer as die oestyd aangebreek het. Hierdie voorrade is sorgvuldig opgegaan en gebêre terwyl hy ook deur die byeenbring en beskerming van beestroppe vir die nodige vleisvoorraad voorsiening gemaak het. Sô het die Wes-Transvalers voedsel gekry en was hulle in staat om as bittereinders die einde van die oorlog te aanskou.

Onverskrokke krygsman, onverbiddelike vaderlander, gedugte aanvoerder wat Koos de la Rey was, was hy ook die teerhartige mens en Christen wat geen oomblik daaraan gedink het om hom op 'n vyand wat in sy mag was te wreek nie. Hierdie mooi en edele karaktertrek het alreeds in sy eerste slag (Kraaipan) aan die lig gekom. Na dié slag het hy die Britse gewondes en noodlydendes nie aan hulleself oorgelaat nie maar sy persoonlike aandag aan hulle gegee sodat hulle die beste behandeling kon ontvang wat onder die omstandighede moontlik was. Van hierdie gedragsbeginsel het De la Rey dwarsdeur die oorlog nie afgewyk nie en het hy op hierdie optrede van hom die kroon gespan toe Lord Methuen in die laaste groot slag van die oorlog (Tweebos) in sy hande geval het. Eers het genl. De la Rey aan genl. Cilliers opdrag gegee om al die Britse dooies te begrawe en om na die gewondes om te sien. Al die Britse ambulanse, tente en komberse wat in die Boere se hande geval het en genoeg voedsel moes vir die gewondes agtergelaat word. Lord

Methuen, self swaar gewond, was 'n baie belangrike gevange en aangesien die Engelse kort tevore vir kommandant Gideon Scheepers laat doodskiet het, is algemeen verwag dat De la Rey Methuen as gyselaar sou hou om te voorkom dat die Britse outoriteite weer so iets doen. De la Rey het egter anders geoordeel. Hy was nie so ingerig dat hy die gewonde Britse aanvoerder behoorlike mediese aandag en verpleging kon laat geniet nie, en derhalwe het hy besluit om hom los te laat. Teenoor hierdie handeling van De la Rey het sy burgers ernstige protes aangeteken, maar die edelmoedige aanvoerder het hulle spoedig tot 'n ander sienswyse gebring. Dié daad van De la Rey het veroorsaak dat sy aansien en prestige by die vyand en in die buitewêreld besonder hoog gestyg het.

Genl. Koos de la Rey het hom dwarsdeur die oorlog, soos trouens deur sy hele lewe, onderskei as die vurige vaderlander en die man wat in die oorwinning van die Boere en die toekoms van sy volk geglo het. Hierdie geloof, gegrond op sy geloof in God as die beskikker oor die lotgevalle van volke en nasies, was die krag agter die optrede van die beroemde krygsman, maar dit was ook die krag waarmee hy sy ondergeskiktes tot die einde toe kon besiel. Koos de la Rey was 'n man wat nie ligtelik besluite geneem het nie; dit was die geval voor die oorlog, waarvan hierbo reeds gespreek is. Maar as hy, nadat hy eers in gebed geworstel het, een maal 'n besluit geneem het, het hy met taaie volharding en 'n ystere deursettingsvermoë in daardie besluit tot die einde toe volhard. Dit het baie duidelik aan die lig gekom

teen die begin van 1901, toe na die inname van Pretoria 'n algehele moedeloosheid oor die land toegesak het. Dit het selfs geskyn asof die Regering van Transvaal moed opgegee het, want in Mei 1901 het dié regering 'n baie neerdrukkende brief aan pres. Steyn geskrywe waarin hulle laat deurskemer het dat dit miskien gerade sou wees om die hele stryd te staak. Pres. Steyn en genl. De Wet kon egter nie in hierdie Transvaalse pessimisme deel nie en het hulle vasberadenheid te kenne gegee om die oorlog voort te sit. Genl. de la Rey was dieselfde mening toegedaan en op 'n konferensie wat tussen die leiers gevolg het, het Koos de la Rey 'n belangrike hydrae gelewer tot die besluit om nie alleen met die stryd voort te gaan nie, maar ook met 'n nuwe en belangrike fase in die stryd te begin. Dat dit by hom nie net 'n kwessie van woorde was nie, het De la Rey met sy daaropvolgende optrede in Wes-Transvaal terdeë bewys.

Toe De la Rey die beroemde slag van Tweebos gelewer het, was hy en sy burgers nog onoorwonne en ten volle bereid om met die stryd voort te gaan. Hy het nog nie geglo dat die stryd verby kon wees en dat die Boere die onderspit sou delf nie. Sonder dat hy dit wou hê en sonder dat hy daarvan geweet het, was onderhandelinge tussen die Boereleiers en Britse outoriteite reeds aan die gang, en kort na hierdie slag het dit vir De la Rey as 'n groot skok gekom toe hy opdrag ontvang het om na Klerksdorp te gaan om aan die voorlopige samesprekings tussen die twee strydende magte deel te neem. Na afloop van hierdie samesprekings het De

la Rey sy burgers besoek en aan hulle meegedeel dat vredesonderhandelinge aan die gang was en min of meer wat die vredesvoorwaardes sou wees. Hy het ook die benarde toestand waarin die res van Transvaal verkeer het en die grusame omstandighede in die konsentrasiekampe onder hulle aandag gebring, en toe het hy op een vergadering aan hulle gevra dat diegene wat met die stryd wou voortgaan eenkant toe moes staan. Een van die burgers het in 1914 in 'n artikel in *Die Brandwag* (getiteld „Ons ou generaal Koos de la Rey”) vertel dat hulle op hierdie vraag almal eenkant toe gestaan het, en vervolg dan:

„ . . . en kyk toen het daar uit die oog van die ou Leeuw van die veld 'n vlam van trots en blydschap geskiet wat ek nooit sal vergeet nie. Zijn geklemde vuis gaat die hoogte in en hierdie woorde bars hom uit: „Burgers, ik sal by julle staan tot die laaste toe!” 'n Kêrel wat naas my staan, kyk hom stip en half bangerig aan, onder zyn wenkbrouwe uit, skud sy kop en sê: „Jy kan aan zyn oë sien dat sy naam Ou Koos de la Rey is”.

So het die 55-jarige aanvoerder en held van menige geveg saam met verteenwoordigers uit sy kommando's na Vereeniging vertrek om die vredeskonferensie te gaan bywoon en om die gevoel van sy troue burgers, wat ook sy gevoel was, te gaan vertolk, nl. dat die onafhanklikheid van hulle land nie verlore moes gaan nie. Toe dit blyk dat vrede moontlik was alleen as die republieke hulle onafhanklikheid prysgee, het De la Rey hom by die Vrystaters geskaar en met hulle saamgestem dat onder daardie om-

standighede die oorlog voortgesit moes word. Die onafhanklikheid van hulle land was 'n te groot prys om te betaal. Hulle het kans gesien dat dit nog gered kon word. Alleen die toestande in ander dele van die land kon De la Rey op hierdie stadium tot ander insigte bring en die hoofrede vir sy toestemming tot vrede was dat al word die land verloor die volk gered moes word.

Ja, dit was die man, genl. Koos de la

Rey! Dit was die man wat nie na roem en eer gesoek het nie maar wat hom deur God laat gebruik het in diens van land en volk. Laat ons daarom in ootmoed God dank vir hierdie waardige bouer aan ons geskiedenis en laat ons die naam en persoon van Jacobus Herculaas de le Rey in dankbare herinnering hou.

J. S. DU PLESSIS.
